DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

KONSTITUSIE KERKLIKE ARMSORGRAAD.

1. NAAM: Kerklike Armsorgraad van die N.G. Kerke (Gemeentes) van die Ring van Bloemfontein. Hierna genoem „Die Raad."

2. SAMESTELLING:

(i) Lede van die Raad is kerkrade van die Ring van Bloemfontein, wat daartoe mag besluit saam met die Ringsverteenwoordiger op die S.A.K. en die Armsorgsekretaris. Elke kerkraad benoem twee lede op die Raad.

(ii) Aan die end van elke jaar tree die helfte van die verteenwoordigers van die kerkrade af, maar hulle kan weer benoem word.

(iii) Die Raad kies sy eie Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Penningmeester.

(iv) Die werkjaar van die Raad loop van 1 Januarie tot 31 Desember elke jaar.

(v) Vakatures wat op die Raad mag ontstaan, word onmiddellik deur die betrokke kerkrade aangevul vir die onverstrykte tydperk.

(vi) Die Raad het 'n Uitvoerende Komitee, wat sal bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris.

3. DOEL: Inleidend:

Om as N.G. Kerke van die Ring van Bloemfontein te verrig alle werk van kerklike barmhartigheidsdiens, wat deur hulle beter gesamentlik as afsonderlik behartig kan word, en so koördinerend behulpsaam te wees by die werk van Armversorging van die verskillende kerke.

(i) Die geestelike, godsdienstige en ekonomiese rehabilitasie van die afhanklike en minderbevoorregte lidmate en huisgesinne van ons kerke, op skriftuurlike grondslag, volgens erkende wetenskaplike metodes.

(ii) Die bestudering en oplossing van maatskaplike vraagstukke, aan die hand van Gods Woord.

(iii) Die bevordering van openbare belangstelling ten opsigte van armsorg vraagstukke en die opheffing van ons minderbevoorregtes.

(iv) Om barmhartigheidsdienste te lewer op enige gebied wat nodig geag mag word op die terrein van die kerk, soos o.a. die oprigting en instandhouding van inrigtings vir sorgbehoewendes.

(v) Stappe te doen om al die sorgbehoewendes wat aan die betrokke N.G. Kerke behoort, hulp te laat ontvang.

(vi) Te ywer vir beter behuising, werkstoestande, kinderversorging ens. op skriftuurlike grondslag.

(vii) As skakel te dien tussen plattelandse en stedelike gemeentes ten behoewe van nuwe intrekkendes, met die oog op spoedige opsporing en inskakeling by ons kerke van diesulkes.

2/ .....

(viii) Die aanstelling van kerkwerkers(sters) in oorleg met kerkrade van die betrokke gemeentes.

(ix) Die bevordering van die belange van die kerklike Armsorg by plaaslike owerhede en regeringsdepartemente.

(x) Hierdie Raad sal fungeer in die nouste samewerking met die S.A.K.

4. MIDDELS:

Die Raad bedien hom van die volgende middele om sy doel te bereik.

(i) Die inrigting van 'n sentrale kantoor en die aanstelling van 'n deeltydse of voltydse sekretaresse.

(ii) Geldelike steun van die betrokke kerke en van die S.A.K.

5. VERSLAG:

Die Raad dien 'n jaarverslag van sy werksaamhede en geldelike toestand in by die betrokke kerke en by die S.A.K. en die Rings Armsorgkommissie.

6. KWORUM:

Een meer as die helfte van die Raad vorm 'n kworum.

7. WYSIGING:

Wysiging van die konstitusie sal kan geskied deur die Ring op aanbeveling van die Raad.

8. ONTBINDING:

By ontbinding van die Raad word alle eiendomme en bates oorgedra aan die N.G. Kerk in die O.V.S. vir Armsorgwerk.

KONSTITUSIE SENDINGRAAD.

A. NAAM:

Die N.G. Sendingraad van die Ring(e) van Bloemfontein.

B. DOEL:

1. Om volgens (a) Die Heilige Skrif, (b) die belydenisskrifte van ons kerk, (c) neergelegde beleid van ons kerk en (d) die konstitusie van die N.G. Sendingkerk in die O.V.S. soos vervat in Bylae I van die Kerkwet al die sending belange in die Ringsressort(e) op die besmoontlike wyse te behartig.

2. Om die onderwys en opvoeding van die nie-blanke soos in punt 1. bevat te bevorder.

3. Om toe te sien dat van tyd tot tyd iemand van die N.G. Kerk benoem word as Kapelaan van die plaaslike gevangenis.

3/ .....

C. SAMESTELLING:

Lede van die Raad sal alle N.G. Gemeentes van die ringsressort(e) van Bloemfontein wees wat daartoe mag besluit. Die Algemene Sendingsekretaris sal ook lid wees en wel met adviserende stem.

2. Die kerkraad van elke gemeente benoem jaarliks twee lede as sy gevolmagtigde verteenwoordigers op die Sendingraad.

3. Vakatures wat mag ontstaan word onmiddellik deur die betrokke kerkraad aangevul vir die onverstreke tydperk.

4. Die Raad kies jaarliks (a) 'n eie Voorsitter, Ondervoorsitter, Scriba en Kassier en (b) 'n Uitvoerende Komitee van vyf lede, waarvan die Voorsitter en Scriba ipso facto lede sal wees, om 'n wakende oog oor sake te hou.

D. WERKERS(STERS):

1(a) Die Moederkerkrade in medewerking met die Sendingkerkrade sal by die beroeping van Sendelinge een of meer name op die groslys kan plaas.

(b) Die beroep word uitgebring deur die Sendingraad.

(c) Die beroepsbrief word deur die lede van die Sendingraad onderteken.

(d) Die naam van die beroepene word afgekondig in die konstituerende gemeentes vir approbasie.

2. Inboorlingleraars en Evangeliste sal in oorleg met die Sendingkerkrade respektiewelik beroep of aangestel word.

E. MIDDELE:

1. Die indiensneming van sovele Sendingwerkers(sters) as nodig mag wees.

2. Die instandhouding van die bestaande Sendingskole, -pastorieë en -kerke.

3. Die medewerking van plaaslike owerhede en belangstellende liggame te verkry.

4. Die Sendingaksie so doeltreffend moontlik te propageer en die nodige fondse in medewerking met die konstituerende liggame te vind.

F. SAMEWERKING VAN KONSTITUERENDE LIGGAME:

1. Die Sendingwerk sal as 'n eenheid beskou word wat die gesamentlike arbeidsveld van die verskillende gemeentes is.

2. Alle uitgawes in verband met die Sending sal volgens die draagkrag van die onderskeie gemeentes in oorleg met die betrokke kerkrade vasgestel word. Sulke proratas sal maandeliks by die Kassier van die Sendingraad gestort word.

4/ .....

3. Die Sendingkerkrade sal soos in die verlede hulle verpligtinge nakom.

4. Alle eiendomme sal geregistreer staan op die naam van die Moederkerkraad in wie se ressort die eiendom val en sal in trust deur die Sendingraad beheer word kragtens 'n spesiale Trustakte wat opgestel en deur die betrokke Kerkrade onderteken moet word.

5. Waar die Raad grond verkry vir Sendingdoeleindes in lokasies of reserwes waar geen transport bekom kan word nie, sal die huurkontrakte vir die verkryging van sulke grond met die betrokke owerhede deur die Moederkerkraad van die gemeente binne wie se grense sulke lokasies (reserwes) geleë is, ten behoewe van die Sendingraad aangegaan word.

6. Die Raad sal jaarliks aan die konstituerende liggame verslag van sy werksaamhede doen.

G. MAGTE EN REGTE:

1. Die Raad sal die reg hê (a) om eiendomme te verkry en (b) om lenings aan te gaan na raadpleging en goedkeuring van die betrokke Kerkrade.

2(a) Die Raad sal 'n bankrekening by Volkskas open.

(b) Alle inbetalings sal by die Kassier van die Raad geskied en deur hom erken word.

(c) Alle uitbetalings sal by wyse van tjek geskied.

(d) Die boeke, state, ens. van die Kassier sal jaarliks deur 'n erkende Ouditeur nagesien word.

H. ONTBINDING:

Ingeval daar later oorgegaan mag word tot die ontbinding van die Raad sal dit geskied na raadpleging van die betrokke kerkrade kragtens 'n besluit van die Ring(e) van Bloemfontein met inagneming van afdeling F.4 van die konstitusie van die Raad, asook van die wette en bepalinge van ons Kerk.